CACHET APTEEK
U Plus Apteek
TOMSTRAAT 92
Tel. 4201
Groot genoeg om u te dien, klein genoeg om u te ken

Jaargang XXXVI Nommer 10 3 April 1981

# die WAPAD

IN U LIG SIEN ONS DIE LIG

AMPTELIKE STUDENTEKOERANT VAN DIE P.U. vir C.H.O.

Bussie 13 Tel 25481 Inligtingsburo 4267/8 Studentesentrum 22112 x 570/1

PUKKE!
Vir u kleurbaadjies en sportbenodigdhede:
Johan Claassen Broers

## Hoogtepunte

MAANDAG 6 APRIL
Stigtingsdag
"So is die lewe vir een pond sewe ..." Departement Spraakleer en Drama, Hoffmanstraat 10
DINSDAG 7 APRIL
SA Kunsvereniging (Wes-Transvaal) 12h00 Christo Coetzee Frans du Toitgebou
Algemene Buro vir Ekonomiese Navorsing 14h30
Regter Kowie Marais tree op tydens 'n aksie van Platvorm; Ope vergadering, 20h30
"So is die lewe ..." Departement Spraakleer en Drama
WOENSDAG 8 APRIL
"So is die lewe ..." Departement Spraakleer en Drama.
Paksas; Dr Eschel Rhoodie, Oop vergadering oor SA se posisie in die buiteland — asook Inligting; 19h30
DONDERDAG 9 APRIL
Afsluiting lesings en praktika 22h00.

## Binne

- Spesiale bekendstelling van die verskillende politieke partye met die oog op die verkiesing — p 4.
- Eschel Rhoodie praat Woensdagaand, 8 April, in die ouditorium — p 4.
- Toestemming vir alle koshuisaksies moet voortaan by koshuisvaders gekry word — p 5.
- Akademiese erekleure word aan 70 studente toegeken — p 7.
- Studente wat busse bemors sal nie meer busse mag gebruik nie — p 7.
- Fotobeeld van kampus-kleredrag — p 8 en 9.
- Koshuisinwoner het 'n stuk yster in sy kos gekry en 'n vrygesel wil 'n vrouehatersklub stig: Kyk briewe op p 10.
- Muurbalspelers kla oor tien sent plakkertjies — p 11.
- Studente-vandale het gesorg dat die snoekerkamer vir 'n onbepaalde tyd gesluit is — p 12.

Die volgende uitgawe van Die Wapad verskyn op 1 Mei.

## Nuuswenke

**Algemene Nuus:** Petro Malan, Wag-'n-Bietjie, Tel 4278.
**Koshuis/Sosiaal:** Zelda Nel, Wag-'n-Bietjie, Tel 4278.
**Sport:** Griet Gräbe, **Kuns:** Johan Myburg, Tel 6668.

**Saktyd**
Maandag 13h00

# Drie studente kry Bokkleure

— **Griet Gräbe en Herman de Villiers** —

**DRIE studente het hulle op sportgebied onderskei deur Springbokkleure te verwerf. Sharlène Geyser is aangewys as die beste van tien top dames in die dubbel-mini-wipmat. 'n Nuwe Puk, Eben Pienaar, is vir die Springbokspan gekies om teen die Amerikaanse uitnodigingspan deel te neem, en Derek Adlam is herkies as Springbok in kaalvoetski.**

Sharlène Geyser is in die naweek van 28 Maart aangewys as die topdame van die jaar in die afdeling dubbel-mini-wipmat. Sharlène het tweede geëindig in die trampolien afdeling.

Die kompetisie is in Pretoria aangebied en slegs die tien beste deelnemers van die sport is uitgenooi. Die teenstand was dus baie sterk. Sharlène was die gunsteling om die trampolien-afdeling te wen, maar sy het nie rekening gehou met Charlène van der Merwe, 'n Springbok, wat weer tot die sportsoort toegetree het nie.

### Toetse

Sharlène is uitgenooi om aan die Springbokproewe, wat op 27 April in Durban en Sun City plaasvind, deel te neem. 'n Span sal dan gekies word wat in Augustus vanjaar vir twee toetse teen die Amerikaners te staan kom.

Sharlène voel gerus vir die proewe, sy sal net haar trampolien opknap om haar naamgenoot en teenstaander sterker kompetisie te gee.

Eben Pienaar, 'n aptekersstudent, is ingesluit in die Springbok B-span wat op 10 en 11 April teen 'n Amerikaanse uitnodigings-swemspan in Pretoria te staan kom.

Eben is 'n uitblinker in die vryslagnommers oor afstande van 200 tot 1500 m. Hy het 'n tweede plek in die 1500 m behaal en 'n derde plek in die 200 m en die 400 m. Hy was die kaptein van die Vrystaatspan wat aan die kampioenskappe deelgeneem het.

### Proteaspan

Verlede Desember is hy tydens die Universiteitskampioenskappe in die Proteaspan ingesluit wat moontlik in Junie vanjaar oorsee gaan toer.

Eben is die Puk se eerste swemspringbok. Dit is ook die eerste keer dat 'n Puk-mansstudent in die SAU-span ingesluit is.

(Vervolg op p 3)



● 'n Oosterse atmosfeer op ons Wes-Transvaalse kampus: Met haar Persiese skoeisels en Indiese tabberd is Hendrika du Plessis 'n voorstaander van individualiteit. Blaai na bladsye 8 en 9 en neem ons kampusdrag in oënskou ...

Foto: Frik Schoeman



# Claassen bestuur Bokke

— **Nicolene Hanekom** —

**PROF Johan Claassen, direkteur van die Sportburo, is die afgelope naweek aangewys as die bestuurder van die Springbokspan wat gedurende Julie na Nieu-Seeland toer.**

Volgens prof Claassen sal die feit dat hy in 1956 Suid-Afrika in die Springbokspan na Nieu-Seeland verteenwoordig het, hom baie in sy taak as bestuurder help.

As bestuurder moet hy probleme uit die weg ruim wat in die pad van 'n suksesvolle toer kan staan.

Die primêre doel is om die reeks te wen en die beplanning vorm 'n belangrike deel daarvan. Sekere sake soos die keuse van die span en afrigting is belangrik. Volgens prof Claassen word geen noemenswaardige probleme in dié verband verwag nie. Die Springbokspan ontvang van die beste afrigting ter wêreld.

Prof Claassen voorsien wel probleme vir die toerspan. Betogings

(Vervolg op p 3)



● *Twee studente was verlede week in fietsongelukke. Willem Lombaard (op die foto) 'n B.Sc-student in Hombré het met 'n motor gebots, nadat sy fietsremme hom in reënweer in die steek gelaat het. Hy was op pad na 'n rugbyoefening toe die ongeluk gebeur het. Leon van Wyk van Molenstraat 23 se kop het die randsteen getref, nadat hy teen 'n voetganger gebots het. Hy het skedelbreuk opgedoen en is na 'n hospitaal in Pretoria oorgeplaas. Leon is Maandag ontslaan.*

# "Koshuisklagtes is ongegrond"

— **Gerda Snyman** —

**STUDENTE moet eers die kanale, wat geskep is vir klagtes, gebruik voordat klagtes aan die koerant gestuur word, sê mnr Simon Geertsema, hoof van Kampusdienste.**

Hy sê dit is jammer dat hy altyd eerste van klagtes deur Die Wapad moet hoor. Hy het op berigte en briewe wat in Die Wapad van 27 Maart verskyn het, gereageer.

Die klagtes oor warm water is ongegrond aangesien nie hy, die koshuismoeders van die verskillende koshuise of ander personeel van Kampusdienste daarvan geweet het nie.

Die toebehore soos wasbak- en badproppe wat ontbreek in Makouvlei word gereeld vervang maar verdwyn weer net so vinnig. Die drie van die tien storte, nie die helfte nie, is verwyder weens instandhoudingsprobleme.

Wat die ontoereikendheid van wasmasjiene in Caput betref, het mnr Geertsema gesê die studente gebruik vals skyfies en beskadig so die masjiene. Indien dit aanhou, sal hulle verplig wees om dit heeltemal te verwyder.

# Beeldende Kunste Letterkunde Musiek Teater



● *Yonty Solomon, die wêreldberoemde pianis, het Donderdagaand 26 Februarie 'n uitvoering in die konservatoriumsaal gegee. Mnr Solomon, wat in Suid-Afrika gebore is, woon in Londen. Hy het werke van Chopin, Schubert, Liszt, Balakirev, Gudowski en Busoni uitgevoer.*

## "All that snert" puik

— Marietjie Potgieter —

**"ALL that snert" is "all that" goed saamgevoeg, maar alles behalwe "snert".**

Die stuk, met Gerrit Schoonhoven as regisseur, is in die geheel baie fyn afgerond. Die afwisseling van emosies is baie geslaagd alhoewel dit myns insiens teen die einde baie neig om miskien te swaar te word. Dit doen egter nie afbreuk aan die gehalte van die stuk nie.

Die strokiesfilm en musiek terwyl 'n mens jou hamburger en koffie nuttig is meesterlik geintegreer en 'n baie goeie inleiding vir al die "snert" wat volg.

Die begin van die stuk slaag daarin om dadelik die gehoor se aandag op die hele groep te vestig. Hierdie aandag word deurentyd sonder moeite behou deur vinnige aaneenskakeling van tonele. Die keuse van liedjies het goed ingepas by dit wat die stuk wil hê. Die sang van veral Thea Cloete en Karen Meiring het baie beïndruk. Die regisseur slaag daarin om 'n ernstige inslag in die op die oog af "oppervlakkige snert" in te vleg deur baie fyn maatskappykritiek.

Die nabootsing van byvoorbeeld die versoekprogram is baie lewensgetrou én baie snaaks. Daarenteen word dit afgewissel met karikatuuragtige mense by die afskeid op die stasie. Ek beskou dit egter as so bedoel en nie 'n swak punt nie.

Die stuk vorm 'n baie goeie eenheid deurdat met 'n liedjie begin word met 'n stelling, die stelling deurentyd uitgebou word en dit dan op die einde saamgevat word met dieselfde liedjie en dit hierdie keer verduidelik wat die hele stuk wil sê: "Life is a cabaret!"

Departement Spraakleer en Drama kan weer eens gelukgewens word met 'n stuk van professionele gehalte.

Die stuk is nog Vrydag tussen 13h10 en 13h40 te sien.

## W.A. Hofmeyer aan Cloete

**PROF T T CLOETE het met sy debuutbundel "Angelliera" beide die W A Hofmeyer- en die Ingrid Jonker-pryse ontvang.**

Die W A Hofmeyer-prys beloop 'n prysgeld van R1 000 en word jaarliks toegeken aan verdienstelike literêre werk. Dié prys is al vantevore toegeken aan D J Opperman, Elsa Joubert, N P van Wyk Louw, Elisabeth Eybers en MER.

Die prys word toegeken deur die Nasionale Pers se vier uitgewers: Tafelberg, Human en Rousseau, Nasou en Buren. Die prys word toegeken aan 'n bundel wat gedurende 'n jaar deur een van die uitgewers gepubliseer is. Die literatore: proff D J Opperman Merwe Scholtz en Pfeiffer is by die keuring van die wenbundel betrokke.

Die Ingrid Jonker-prys word jaarliks toegeken aan die beste debuutbundel van die jaar. Dié prys word tydens die Skrywersberaad eerskomende naweek aan prof Cloete oorhandig.

## Country and Western-fees kom na Puk

**OP 24 April word daar in die ouditorium van die Studentesentrum 'n Country- en Western-musiekfees aangebied.**

Bekende sangers waaronder Tommy Oliver, Lance James, Cora-Marié, Danny West en die Sounds Fiesta-Orkes neem deel. Die geld wat ingesamel word, is ten bate van die Studentegemeenskaps-diens.

Koshuise kan blokbesprekings doen en dan afslag kry op die toegangsgeld wat R3,00 per persoon beloop. Indien daar veertig per koshuis bespreek, is die koste R2,50 per persoon. As tagtig persone bespreek, is kaartjies beskikbaar teen R2 00.

Die konsert begin om 19h30 en besprekings kan by die Inligtingshokkie, Bukana boekwinkel (Checkers sentrum) en Harold's Volkswagen gedoen word.

### Regstelling

**IN Die Wapad van 27 Maart 1981 is Tito Gobbi as 'n wêreldberoemde baron in plaas van 'n bariton beskryf. Die Wapad bied hiermee sy verskoning aan vir enige ongerief wat die fout kon veroorsaak het.**

## Kunstenaars na Republiekfees

**MEV TITIA BALLOT en mnr Barend Grobbelaar, albei verbonde aan die Departement Beeldende Kunste van die Potchefstroomse Universiteit, is die enigste twee kunstenaars in Wes-Transvaal wat gevra is om elk twee kunswerke vir die Republiekfeestentoonstelling in te stuur.**

Ongeveer driehonderd kunstenaars oor die hele land is gevra om aan die tentoonstelling deel te neem. Die genooide kunstenaars sal deelneem aan 'n kategorie waarin die werke sonder keuring vooraf uitgestal sal word. Daar is ook 'n ope kategorie waarin enigiemand kan deelneem. Hierdie deelnemers se werke sal egter vooraf gekeur word.

Mev Ballot is van plan om grafiese werke te stuur en mnr Grobbelaar sal beeldhouwerke stuur.

'n Paneel van drie keurders sal die werke beoordeel en besluit wie die prysgeld van sowat R10 000 sal ontvang.

Die tentoonstelling word op 4 Mei deur die Minister van Nasionale Opvoeding, mnr Gerrit Viljoen, geopen. Dit vind plaas in die Hawe-eindpuntgebou in Durban.

Mev Ballot sê dit is vir haar 'n besondere eer om as een van die kunstenaars genooi te wees. Sy is ook genooi om op 7 April saam met die volgende dames in Johannesburg aan 'n groepuitstalling deel te neem: Alide Elahi, Nel Erasmus, Berenice Midulow, Hannetjie van der Watt en Anna Voster.

Mev Ballot het al aan verskeie groeptentoonstellings in die Transvaal, OVS en Kaapland, asook aan vyf eenmantentoonstellings te Potchefstroom, Bellville en Pretoria deelgeneem. Vir haar was die hoogtepunt in haar kunstenaarsloopbaan toe die Kunsmuseum van Pretoria haar werk **Mossels**, 'n ekening in ink, aangekoop het.

Ook mnr Grobbelaar sê dit is vir hom 'n groot eer en hy beskou homself as baie bevoorreg. Hy sê hierdie gaan 'n hoogtepunt in sy nasionale uitstallings wees.

Mnr Grobbelaar het in 1979 die eerste prys verower tydens die Afrox-beeldhoukunskompetisie en het verlede jaar as gasdosent by die Universiteit van Pretoria se uitstalling, Beeldhou '80, opgetree. Tydens hierdie uitstalling is hy geborg deur Afrox en Jackson-metaal- en staalverspreiders en het hy 'n beeld van vlekvrye staal gemaak.

Dit is 'n besondere prestasie dat die enigste twee kunstenaars in Wes-Transvaal wat gevra is om aan hierdie tentoonstelling deel te neem, albei verbonde is aan die Departement Beeldende Kunste van die PU.



● *Pieter Botha, voorsitter van die PU-Koor oorhandig die eerste plaat deur die koor aan mev Babie van der Walt, die ere-presidente van die PU-Koor. Die titel van die plaat is 'Cantate Domino'.*

(Foto: Potch Herald)

## So is die lewe . . .

**DIE derdejaarstudente van Spraak- en Vertolkingskunde bied van 6 tot 9 April "So is di[e] lewe vir een pond sew[e]" in die Kleinteater va[n] die Departement Spraakleer en Drama aan. Die program staan onder leiding van mnr Paul Schutte.**

Die program sluit werke van digters en skrywers soos Ingrid Jonker, Hennie Aucamp en Elsa Joubert in. Die program wissel van humoristies en satiries tot tragies.

"So is die lewe vir een pond sewe" beloof om goeie vermaak vir oud en jonk te verskaf.

## Leiding

**DIE Akademiese Raad dien deur die Fakulteite-Komitee om leiding aan die studentegemeenskap te gee ten opsigte van akademiese aangeleenthede.**

Gedurende Maart is daar in die Fakulteite Natuurwetenskappe en Lettere en Wysbegeerte leiding gegee oor doeltreffende studiemetodes. Persone wat hieraan deelgeneem het was onder andere dr J J A Smit en mnr N J Vreken (albei van die departement Fisika), mnr K Venter (lid van die fakulteit Natuurwetenskappe) en mnr C van Rooy (lid van die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte).


ROTTANGMEUBELS



GROOT VERSKEIDENHEID:

* *Prente*
* *Spieëls*
* *Tafel- en vloerlampe*
* *Muurbehangsels*
* *Boontjiesakke*
* *Wasgoedmandjies*

Kom gesels en maak kennis met

Mev. Miems Kruger en Dries van Rooyen

by

AVR MEUBELS FURNITURE

TEL.: 7578

Owenslaan 9 Potchefstroom

# Grade toegeken

**BYNA 1 500 grade en diplomas word vanjaar toegeken op die gradepligtigheid van die PU.**

Ses fakulteitsgradeplegtighede word einde Maart en begin April gehou waarop 1 469 grade en diplomas toegeken word. Die hoofgradeplegtigheid word op Vrydag 1 Mei gehou. Dan word ere-doktorsgrade en die doktorsgrade toegeken.

Vanjaar ken die PU twee ere-doktorsgrade toe, een aan die vorige rektor, prof. Hennie Bingle, en die tweede aan die bekende geskiedkundige en 'n voormalige hoogleraar in geskiedenis aan die Universiteit, prof D D Kruger. Die spreker by die hoofgradeplegtigheid is die Minister van Verdediging, genl Magnus Malan.

Al die gradeplegtighede word in die ouditorium van die Hennie Bingle-studentesentrum gehou.

Die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte het vanjaar twee gradeplegtighede gehad, albei op Maandag 30 Maart. Op die gradeplegtigheid die middag om 14h30 is net die 306 BA-grade toegeken.

Die gradeplegtigheid van die Fakulteit Natuurwetenskappe is Dinsdagaand 31 Maart gehou.

Die gradeplegtighede van die Fakulteite Ekonomiese Wetenskappe en Regte is op Woensdag 1 April gehou. Die gradeplegtigheid van die Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe was Woensdagmiddag om 14h30.

Die Fakulteit Regte het Woensdagaand sy gradeplegtigheid gehou.

Die Fakulteite Teologie en Opvoedkunde se gesamentlike gradeplegtigheid is Donderdagaand, 2 April om 19h30 gehou, waarop altesaam 302 grade en diplomas toegeken is.

# Studente kan hier adverteer

**EEN van die kennisgewingborde by die studentesentrum het 'n nuwe vorm aangeneem. Dit is die laaste een wat nou spesifiek vir studentediens gebruik word.**

Wim Vergeer, SSR-lid vir Studentediens en Weerbaarheid, het eers probeer om toestemming te kry om só 'n bord binnein die SS aan te bring, maar dit was onsuksesvol. Die kennisgewingbord is aangebring om enige advertensies van studente en rakende studente te plaas. Daar is plek vir advertensies soos werk wat aangebied word vir die Julie- en Desembervakansies, goedere te koop, losies en algemeen.

Al wat studente te doen staan om 'n advertensie op die bord te laat verskyn, is om 'n briefie met al die besonderhede in die Grommel-Trommel naby die ingang van die kafeteria (teen die trap wat opgaan na die ouditorium) te gooi. Die advertensie word dan op 'n wit kaartjie met 'n SSR-stempel op, oorgeskryf en twee dae na ontvangs kosteloos geplaas. Studente kan slegs wen deur hiervan gebruik te maak.



● *Die Departement Filosofie het op Donderdagaand 26 Maart merietepryse toegeken aan vier studente vir uitstaande werk. Die toekennings is oorhandig deur prof dr H G Stoker en sy vrou. Op die foto verskyn van links mnr T H Veldsman, Henk Stoker, prof dr H G Stoker en sy vrou, mev A M van der Walt en Hansie Vermeulen. Mnr Veldsman het 'n toekenning ontvang vir nagraadse prestasie in B.Phil en Henk Stoker in voorgraadse prestasie in filosofie. Mev A M van der Walt het 'n toekenning ontvang namens prof J L van der Walt wat met studie oorsee is vir nagraadse prestasie in Honns BA. Hansie Vermeulen het 'n toekenning ontvang vir die werk wat hy gelewer het as redakteur van die Filosofievereniging se blaadjie, Logos.*



● *Mnr Richard Ingram is bevorder tot hoof van die Afdeling Openbare Betrekkinge. Hy was die afgelope twee jaar persskakelbeampte van die Universiteit. Hy volg dr Martin Bekker op wat die diens van die PU vir CHO verlaat het om 'n betrekking by die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing in Pretoria te aanvaar. Mnr Ingram was in die redaksie van Die Volksblad in Bloemfontein, nege jaar lank redakteur van die Potchefstroom Herald en het twee jaar lank by die Departement Radio-nuus van die SAUK in Johannesburg gewerk voordat hy by die PU aangesluit het. Hy is 'n assosiaatlid van die Openbare Skakelinstituut van Suid-Afrika en 'n volle lid van die Suid-Afrikaanse vereniging van Bedryfsredakteurs. Mnr Ingram is getroud met mej Rebekka Truter. Hulle het twee kinders.*

# Hulpprojek

**SGD onderneem 'n tweede hulpprojek gedurende die Julie-vakansie na Laingsburg.**

Die idee om te help met die bou van die tehuis vir bejaardes het gekom van een van die Teologiestudente. Studente sal nie self die bouwerk doen nie omdat daar aangestelde bouers is, maar hulle sal help met allerhande ander noodsaaklike sloerwerkies. Weens 'n finansiële tekort moet die hele toer geborg word. Tot dusver is nog net 'n borg vir die bus gekry.

Die hulpprojek word beplan vir die eerste twee weke van Juliemaand. Daar is plek vir honderd student op albei toere — die ander toer is na die Transkei — skietlyste sal later verskyn. Enigeen wat bereid is om te kom werk, is baie welkom.

# Uitstalling slaag redelik goed

**DIE doel van die Kultuurraaduitstalling was om die onderliggame aan die studente bekend te stel. Die jaarlikse uitstalling wat van 23 tot 25 Maart in die Totius-saal gehou is, het redelik in sy doel geslaag.**

Die musiek wat tydens die uitstalling gespeel is, het baie aandag getrek en het bygedra tot die sukses van die uitstalling.

Verskillende verenigings het aan die uitstalling deegeneem. Die skaakklub het 'n elektroniese "skaakspeler" gehad waarteen enige speler sy vernuf kon toets.

Montium se uitstalling is opgehelder deur 'n bekende verskaffer van klimen staptoerusting. Heelwat toerusting soos slaapen rugsakke, klere en skoene is deur stapgeesdriftiges aangeskaf.

Die doel van die besoekersregister in die saal was om te bepaal of daar wel 'n behoefte aan 'n uitstalling bestaan. Net ongeveer 'n kwart van die besoekers het die vrymoedigheid gehad om die register te teken. Die kommentaar wat gelewer is, was egter baie positief.

# Regsmense pak mekaar

**REGSDOSENTE en regsstudente het verlede Donderdagaand en Vrydag op 'n ietwat vreemde manier met mekaar kennis gemaak.**

Die studies en statusverskille moes agterweë bly toe die ware kleure getoon is op muurbal-, tennis-, sokker-, netbal-, veerpyltjies- en snoekervlak.

Volgens sekere "verontregtes" is die wedstryduitslae verander na willekeur. Die nuwelinge kon dikwels nie die pyp rook teen die ou geharde deelnemers en hul tradisionele spelreëls nie.

Die vredesoffer was 'n gesellige braaivleis in die Kontiki-restaurant.



● *Proff H B Kruger, S S Barnard, L Olivier, Prof Tjaart van der Walt, mnr Macadam, regter V G Hiemstra en prof J J de Wet, tydens die oorhandiging van die vyf nuutste publikasies van Butterworth aan prof Tjaart van der Walt.*

# Prof Claassen

(Vervolg van p 1)

om die span te fnuik in hulle doel kan verwag word. Die spelers en die bestuurder moet die situasie suksesvol kan hanteer. Uit die aard van die saak is die spelers nie daaraan gewoond om in sulke omstandighede rugby te speel nie.

Hy sê dat die span moet besef dat hulle as wenners baie in aanvraag sal wees in wêreldsport.

Prof Claassen is op die plaas Middelwater tussen Oudtshoorn en Prins Albert gebore. Hy het sy skoolloopbaan op Prins Albert begin en voltooi op Christiana. Volgens hom het hy geen noemenswaardige prestasie in atletiek of rugby op skool behaal nie.

Sy universiteitsloopbaan het hy by die Onderwyskollege en Universiteit te Potchefstroom voltooi. As student het hy vir Wes-Transvaal gespeel en is ook genooi na die Springbokproewe. In 1953 het hy kaptein van die Wes-Transvaalse span geword en in 1955 junior-Springbok en later die jaar volwaardige Springbok. Hy was nege keer kaptein van die Springbokspan. Tot en met sy uittrede in 1962, het hy nooit sy plek in die Springbokspan verloor nie.

# Springbokke

(Vervolg van p 1)

Derek Adlam het die Suid-Afrikaanse waterski-kampioenskappe gewen en is herkies vir die Springbokspan van 1981.

By die kampioenskappe wat op die Vaalrivier in Vereeniging gehou is, het Derek al sy afdelings gewen om te verseker dat hy weer Springbokkleure kry.

**Wêreldspan**

Die Springbokspan gaan die naweke van 3-5 en 9-11 April teen 'n wêreldspan meeding. Die eerste kompetisie word in Durban gehou en die tweede kompetisie in Vereeniging. Die wêreldspan bestaan uit twee skiërs van België, drie van Nieu-Seeland en een elk van Amerika, Engeland, Duitsland en Holland.

Derek gaan die Julie-vakansie na Amerika om aan verskillende kompetisies deel te neem. Hy gaan as private deelnemer. Daar is 'n moontlikheid dat die Springbokspan later vanjaar oorsee gaan toer.

# Mosie oor politiek op kampus

**DIE volgende mosie oor besoeke van politici aan koshuise en aktiwiteite van politieke partye op die kampus is op die SSR-vergadering op 18 Maart aangeneem.**

● Openbare vergaderings op die kampus mag alleen met goedkeuring van die Registrateur en die SSR gereël word.

● Geen openbare vergaderings mag in koshuise of in die Ouditorium gehou word nie.

● Vergaderlokale word deur die Registrateur goedgekeur.

● Van die organiseerders van 'n openbare vergadering word verwag om 'n onderneming te teken dat aanspreeklikheid aanvaar word vir enige skade aan eiendom van die Universiteit wat na aanleiding van die vergadering gely mag word.

● Werwing en oorreding deur verskillende politieke partye word op die kampus toegelaat, mits dit nie inbreuk maak op klas of ander akademiese werksaamhede van studente nie.

● Geslote byeenkomste mag in koshuise gehou word.

● Besoeke aan koshuise moet in oorleg met die huisvaders geskied.

● Plakkate van die verskillende kandidate mag op goedgekeurde posisies aangebring word na voorlegging aan en goedkeuring deur die SSR.

● Instansies wat pamflette, strooibiljette en plakkate op die kampus versprei, is verantwoordelik vir die opruiming daarvan.

# Duitse film gratis vertoon

DIE Duitse Vereniging vergader Donderdag 23 April om 19h00 in die Geografiesaal.

'n Film oor 'n voorgeskrewe boek vir eerstejaars, "Kleider machen leute" van Gottfried Keller word vertoon. Die verhaal leen hom tot lekker kyk-genot. Daar is 'n interessante voorprogram in Engels.

Sop en brood sal te koop wees.

Die film is heeltemal gratis maar 'n silwerkollekte sal gehou word.

# Wilde Weste

DIE Platsakkers van Kasteel, blok K het verlede Dinsdagaand tussen die geur van strooibale en kosmos 'n egte Wilde Westelewe meegemaak.

Die dames het op uitnodiging van die tweedejaars hulle "cowboys" genooi om so teen 22h00 by hulle in die "Voorhuis"- kroeg aan te sluit.

Die kroegmeisies het yskoue bier bedien en oral in die kroegie het mandjies met heerlike worsbroodjies rondgestaan.

'n Talentvolle Platsakker het gou die "cowboys" aan haar voete gehad toe sy met haar toepaslike uitrusting 'n "can-can" dansie uitgevoer het.


guys ß dolls

vat dit kop toe!







Kom ons stel jou voor aan 'n nuwe dimensie in haargolwing: UNI-PERM met pH-balans! Dit lyk nes natuurlike krulle! Geen kroes-en-knoop bossiekop nie! Nog goeie nuus van Guys & Dolls is lae, lae pryse net vir studente! Wees 'n IN-ding! Bly voor met die jongste haarmodes! Altyd tot u vriendelike diens!

Die uwe,

GUYS & DOLLS Tomstr. 82, tel. 8071.

# Aksies skep probleme

**DAAR is nog probleme met interkoshuisaksies wat plaasvind sonder die nodige toestemming van die onderskeie huisvaders.**

Selfs al vind die aksie plaas tussen klein groepies moet toestemming verkry word.

**Klein groepie**

'n Mens moet seker aanneem dat die groepie "klein" moet wees binne perke van redelikheid. Woon jy in Kasteel en wil jy vingeralleen 'n aksie met iemand in Hombré hou, is dit uit die aard van die saak 'n perd van 'n ander kleur . . .

As jy genoegsame redes kan aanvoer dat bogenoemde sosiale aksie bevorderlik vir die koshuisgees is, kan jy dalk aanspraak maak op die uitvoer daarvan — dit hang alles net af van die huisvader se sin vir reg en geregtigheid!

# Montium


**MONTIUM gaan gedurende die April-vakansie in die Sederberge stap.**

Na ses dae in die berge gaan hulle Stellenbosch, Kaapstad en omgewing besoek.

Persone wat belangstel om saam te gaan moet die plakkate dophou en die toervergadering bywoon vir verdere inligting.

Gedurende die lang naweek van 17 tot 20 April word daar ook 'n toer na die Drakensberge gereël.

Skietlyste vir albei toere sal by die Inligtingshokkie in die Studentesentrum opgeplak word.



*● Paul Fourie, Kobus Swart en Johan van Dyk is lede van Montium se rotsklimafdeling. Montium is deur mnr Ferreira van Terrein en Geboue genader om Heide en Karlien se buitemure te verf wat deur vandaliste bekrap is. Daar word drie honderd rand aan Montium betaal om hierdie verfwerk te doen. Hulle is dan ook van plan om rotsklimtoerusting te koop van hierdie welverdiende geld.*

# Filmvereniging kort nog lede

**DIE Puk-filmvereniging ondervind 'n kommerwekkende tekort aan lede. Hierdie probleem het verlede jaar reeds bestaan, maar was toe nie so ernstig nie.**

Weens die swak bywoning van die afgelope twee vergaderings, kan 'n voorsitter nie gekies word nie en het die vereniging dus nog nie 'n volwaardige bestuur nie.


Geld word dringend benodig om die volgende kostes te dek: minstens R30 spoorvrag wat vir elke film betaal moet word, die jaarlikse ledegeld wat die FEDERATION OF FILM ASSOCIATIONS IN SOUTH AFRICA vereis, en die drukkoste van plakkate en nuusbriewe.

Die probleem is waarskynlik dat mense belangstel, maar nie betrokke genoeg is nie. Die fout lê in elk geval nie by die films self, wat gewoonlik van hoogstaande gehalte is, nie.

Die argument dat die vertonings inbreuk maak op studietyd is nie waterdig nie. Die vergadering begin gewoonlik Woensdagaande om 18h30 en duur tot ongeveer 20h00. Dit bied dus nie net 'n welkome anderhalfuur van ontspanning nie, maar laat genoeg tyd vir ander bedrywighede.

Die doel van die vereniging is die vertoon van goeie en soms minder goeie films wat nie algemeen beskikbaar is nie. Die idee is dat die filmvertoning sal dien as 'n podium van bespreking van die film as tegniek en kunsvorm. (Egiptiese, Indiese en Franse films, met Engelse onderskrifte is al vertoon).

Lede kan nog enige tyd aansluit en 'n ledekaartjie is dwarsdeur die jaar geldig. Die ledegeld is R10 vir gewone lede en R6 vir studente. Dit dek alle films wat in die loop van die jaar vertoon word. Daar is ook reekskaartjies van R4 waarmee enige drie vertonings bygewoon kan word. 'n Verdere toegewing word gemaak aan lede van studenteverenigings, wat met 'n kaartjie enige vyf vertonings kan bywoon.



*● Mnr Byrne het die Pukke Donderdag op uitnodiging van Liber Factus toegespreek oor alkoholisme.*

# Alkoholisme — die begin

*"ONCE an alcoholic, always an alcoholic . . ." Aldus mnr Byrne, navorser by die Bekkerkliniek en nou besig met sy M.A.-graad in Alkoholisme.*

Mnr Byrne het Donderdag 26 Maart op uitnodiging van Liber Factus studente toegespreek aangaande die "hoekoms" en "waaroms" van alkoholisme.

**Mens die probleem**

Is alkohol 'n probleem? Nee, maar die mens is. Sy soeke na bevrediging van 'n psigiese behoefte gaan oor tot fisiese afhanklikheid van alkohol wat uiteindelik uitloop op die algehele misbruik daarvan.

Alkoholisme begin gewoonlik by die sogenaamde sosiale drankies en die ontwikkeling daarvan kan duidelik in drie stadiums onderskei word: 1. Ontwikkelingstadium — die sosiale drinker vermeerder sy drankies en probeer altyd vinniger as die res van die groep drink. 2. Overte alkoholismestadium — die drinker begin kontrole verloor oor homself, "regmakers" vóór ontbyt word nodig en hy begin skelm drink. 3. Deteriorasiestadium — persoon toon nou onttrekkingsimptome en lei aan slaaploosheid wat in die meeste gevalle eindig in een of ander verlamming. Laasgenoemde is permanent as gevolg van die breinselle wat vernietig is in die proses.

'n Mens kan jouself dus afvra of drink die moeite werd is.

# Afslagkaarte

DAAR is gerugte dat die afslagkaart toe glad nie so goed werk nie, nadat probleme met Sparno ondervind is. Studente word egter daarop gewys dat Sparno besluit het om die prys van al hul goedere met twintig persent te verminder, sodat die hele publiek daarby kan baat. Daarom gee Sparno nie meer afslag nie.

# Besprekingsvorm vir Totiussaal

**ENIGE persoon of instansie wat die Totiussaal wil gebruik, moet 'n voorgeskrewe besprekingsvorm voltooi en goedkeuring vir die gebruik daarvan van die Kultuurraad van die SSR verkry.**

Vir enige studente- of universiteitsaksies van die Puk beloop die gebruik van die Totiussaal R1 per dag. Indien daar toegangsgeld gevra word, moet twintig persent daarvan aan Kultuurraad betaal word. Enige instansie of persoon van buite wat die Totiussaal wil huur, betaal R30 per dag indien geen toegangsgeld gehef word nie. Waar toegangsgeld gehef word, moet twintig persent van die opbrengs betaal word. Vir gebruik van die vleuelklavier word 'n fooi van R5 gevra.

Die huurders van die Totiussaal moet verskeie voorskrifte nakom. Daar mag nie in die saal gerook word nie, behalwe as dit in 'n aanbieding benodig word. Geen drankgebruik word toegelaat nie. Geen items wat deel is van die toerusting van die Totiussaal mag nie sonder toestemming verwyder word nie. Geen bou- of verfwerk mag in die saal geskied nie, behalwe die installering van die dekor of opknappingswerk daaraan. Geen spykers of skroewe mag in die vloere of mure ingeslaan word nie.

Repetisies in die Totiussaal word slegs vanaf 18h00 tot 24h00 toegelaat.

Indien 'n program ongewens, onwelvoeglik of onchristelik is, kan dit verbied word.

# Kompetisie

DIE Woordbou-kompetisie van Karnaval is gewen deur mnr J van Milligen van Maurylaan 7A, Potchefstroom. Mnr van Milligen het verskeie inskrywings ingestuur waarin hy ondermeer die volgende woorde gebruik het: kruisvuuruur, kuiphuishuur, afvuurprop, ashoopvuur, afvuurmuur, rooiivoor, ivoorprou, opvuuruur, vuurprooi, ligspoorvuur, looikuipsuur, oorpompuur en ophoopmuur. Mnr van Milligen word geluk gewens met die Opel Kadett wat hy as wenprys ontvang het.



# Sonbaaiers

**Wenke vir sonbaaiers**

**SKADELIKE sonstrale lê binne die spektrum van 290 en 320 nanometer. Die strale is voor 10h00 en na 15h00 nie sterk genoeg om sonbrand te veroorsaak nie, hoewel daar 'n sekere hoeveelheid strale is wat die vel bruin brand. Moet dus nie tussen 10h00 en 15h00 in die son lê nie.**

Indien jy dit wil doen, doen dit dan met verdrag — vyf minute die eerste dag, tien minute die tweede dag, en so aan. Onthou tog om en te draai! 'n Bruingebrande vel beteken 'n vermeerdering van die hoeveelheid melanien in die vel, en dit sal jou uiteindelik teen sonbrand beskerm.

Ultra-violet-strale kom direk van die son deur verspreide straling uit die lug en deur weerkaatsing van die grond en water af. Jy sal steeds brand indien jy onder 'n sambreel op die strand sit. Jou kwesbaarste dele is die bokant van jou ore, neus, kopvel en die agterkant van die nek.

TEL: 21936
11 OWENS LANE
POTCHEFSTROOM
DIENS IS ONS TROTS
Boutique DRY CLEANERS
DROOGSKOONMAKERS
Eien. Elmine Brits

Bult Apteek
en Medisynedepot
Ons voorsien:
● Naturemade
● Toiletware
● Asook Revlon, Yardley, Old Spice ens.
Tomstraat 88b, Tel. 25344/5

# Erekleure aan 70 studente

**OP Vrydagaand 3 April 1981 ontvang 70 studente akademiese erekleure. Die oorhandiging van dié sertifikaat vind in die Hennie Bingle-sentrum om 19h30 tydens 'n prestige geleentheid plaas.**

Die oorhandiging van die sertifikate word waargeneem deur SSR-voorsitter, Jan-Louis du Plooy. Die vise-rektor, prof J S du Plessis, sal by die geleentheid optree. Die verrigtinge word afgesluit met kaas en wyn.

'n Student kwalifiseer indien hy sy twee hoofvakke met onderskeiding geslaag het. Ook honneurs- en M-graadstudente kan kwalifiseer vir erekleure.

Die sertifikaat bied die geleentheid om 'n Pukbaadjie met 'n spesiale wapen daarop te koop. Die wapen bestaan uit die universiteitswapen met 'n lourierkrans rondom en 'Akademie' daaronder geskryf.

Vrydagaand word slegs toekennings aan die 1980-kandidate oorhandig. Verlede jaar is die toekennings van die vorige vyf jaar toegeken.

Indien daar persone is wat nog nie hul toekennings ontvang het nie, kan hulle daarvoor aansoek doen by die Dagbestuur van die Akademiese Raad.

# Caput het probleme

**DIE inwoners van Caput het onlangs 'n petisie onderteken en aan die owerhede gestuur waarin hulle kla oor die wasmasjiene in hul koshuis.**

In 1980 is daar 'n ontleding van koshuisgelde in Die Wapad geplaas, en daarin het gestaan dat 'n gedeelte van elke koshuisinwoner se losiesgeld gespandeer word aan wasgeriewe. Volgens die inwoners van Caput is hulle sedertdien stapsgewys van hulle geriewe ontneem.

Hulle beveel aan dat die wassery sy diens aan studente hervat. So nie, kan elke koshuisinwoner ten minste voorsien word van 25 gratis was-skyfies en verdere skyfies kan dan by die koshuismatrone beskikbaar gestel word.

Hulle beskou twee wasmasjiene as heeltemal onvoldoende vir 'n groot koshuis soos Caput.



● *"Kyk net hoe lekker was ons uitstappie. Ons is van die Departement Spraakleer en Drama en het Chicken Den se lekkernye met 'n bietjie voggies afgesluk." – 'n Tipiese voorbeeld van 'n bemorste bus waarteen daar opgetree gaan word.*

# Bemorste busse op in einde

**STUDENTE wat busse gebruik en hulle bemors terugbring sal nie weer 'n bus te lene kry nie. Mnr Schutte, hoof van die Vervoerafdeling sê hulle gaan vir minstens 'n jaar geen vervoer aan sulke groepe verskaf nie.**

Die Vervoerafdeling sal voortaan streng optree teen groepe en verenigings wat busse vir uitstappies en toere gebruik en dan die busse in 'n onnet toestand teruggee. Vir die skoonmakers is dit 'n algemene gesig om in 'n bus met drank- en koeldrankbottels, papiere, skille en oorskietkos vas te kyk. Baie busse kom in so 'n toestand terug al is daar sakke wat vrylik by die Tegniese Departement beskikbaar is.

Studente moet onthou dat dit nie die bestuurder se verantwoordelikheid is om die bus skoon terug te besorg nie, hoewel hy vir sakke sorg. Alle insittendes is self vir die bus se toestand verantwoordelik. Die strafmaatreël van onttrekking van vervoer gaan veral groepe wat busse of kombi's gereeld gedurende die jaar nodig het, baie benadeel.

Mnr Schutte doen 'n beroep op bestuurders om versigtig te wees wanneer hulle die voertuig terugbring. Busse en kombi's word gereeld vasgekeer, wat dan onnodige ongerief veroorsaak. Mense wat busse wil gebruik, moet hulself eers op hoogte bring met prosedure van aansoek doen, verkryging van die sleutels en die terugbring van voertuie.

# Nuwe reëls vir busse

**DIE SSR gaan nou strenger optree teen studente wat die busdienste gebruik. Die rektor het ook dié opvatting.**

Frikkie van Niekerk het twee vorms opgestel wat voortaan ingevul moet word voordat enige instansie die busse gebruik. Die tweede vorm is 'n evalueringsvorm wat ingevul moet word deur die instansie wat die bus gebruik, waarin 'n verslag oor die toestand van die bus gegee moet word. Beide die vorms moet geteken word deur die leier van die groep, die busbestuurder en mnr Jan Schutte, van die Tegniese Departement.

Frikkie van Niekerk sê die rede vir die stappe is die baie probleme in die verlede — veral met daggroepe. Drankmisbruik het baie probleme opgelewer en die toestand van busse na gebruik laat veel te wense oor.

Geen drank word op 'n bus toegelaat sonder die toestemming van die SSR-verteenwoordiger, busbestuurder en die leier van instansies wat die bus huur nie. 'n Busbestuurder het die reg om te weier om enige persoon wat dronk is op te laai.

# Voorwaardes vir Polstu en Paksas

Polstu en Paksas het ná aansoeke om funksioneringsreg op die kampus tydelike funksioneringsreg van die SSR verkry. Hulle is egter aan die volgende voorwaardes onderworpe:

Beide organisasies moet alle reëls en regulasies nakom wat vir gepatroneerde onderliggame geld. Vlugskrifte en kennisgewings mag slegs versprei word ná voorlegging aan en goedkeuring deur die SSR. Polstu en Paksas moet ook die reglement oor die uitnooi van gassprekers nakom.

# Reklamekursus

**'n SKAKEL- en reklamekursus word vroeg in volgende kwartaal aangebied.**

Die kursus word in samewerking met die Kommunikasiekunde- en Kunsdepartmente aangebied.

Daar sal aan kursusgangers gewys word hoe om plakkate op te stel, watter skryfstyle en lettertipes gebruik kan word en hoe om die doeltreffendheid van die plakkate te verhoog.

Volgens Mario Smit, SSR-lid vir Opleiding, is die doel van die kursus om skakeling en reklame, intern en na buite, te verbeter en sodoende klagtes oor reklame van aksies uit te skakel.

Elke raad en onderliggaam word verplig om 'n afgevaardigde na die kursus te stuur.



● *"Ek is tog so lus vir my akademie, maar kyk hoe lyk my kamer". Danny Steyn kyk moedeloos na die gemors wat die verwers agtergelaat het nadat hulle Makouvlei se kamers geverf het.*

# Nog ontevredenheid oor eerstejaarsontheffing

**DIE probleem van ontheffing van eerstejaarstudente wat reeds weermagopleiding ondergaan het is nog lank nie opgelos nie, volgens 'n vergadering wat die koshuisprimarii en die SSR gehou het.**

Japie van Rensburg, prim van Makouvlei, het 'n haakplek in die stelsel uitgewys. In Makouvlei was 'n kwart van die eerstejaars reeds in die Weermag. Dus verloor die koshuis 25 persent van sy eerstejaarsdienste wanneer hierdie mense van hulle eerstejaarspligte vrygestel word. Elsie Yssel, prim van Oosterhof, wou weet wat gedoen moet word in gevalle waar 'n persoon reeds 'n jaar of wat gewerk het voordat hy of sy universiteit toe kom.

Dit wil voorkom asof baie mense 'n negatiewe houding inslaan omdat hulle 'n jaar of meer ondervinding as hul mede-eerstejaars het en hulle met dieselfde pligte belas word. Volgens Kasteel se prim, Louise Prinsloo, is die ironie van die saak dat hierdie houding in baie gevalle vererger ná ontheffing.

Studente van ander universiteite wat Puk toe kom, moet die hele proses deurgaan — waarom dan nie die ander nie-so-groen eerstejaars nie? Dit was die argument van Annie Bodenstein, prim van Karlien.

Villagers se eerstejaars hoef nie meer dasse te dra nie. Jan-Louis bestempel dit as 'n tipe "interne" bepaling en het gesê dit staan die primarii vry om sulke toegewings binne hul gesag te maak.

# Parlementslid vir elke koshuis

**ELKE koshuis verkies 'n parlementslid tydens die huiskomiteeverkiesing. Daar is sprake dat alle koshuise nie 'n verteenwoordiger gekies het nie. Bennie Nothnagel, onder-voorsitter van Politiese Raad, sê egter dat alle koshuise wèl verteenwoordigers gekies het.**

Die studenteparlement se taak en doel is die bespreking en verteenwoordigende standpuntinname oor aktuele studentesake, in die teenwoordigheid van die studentemassa.

Die RKK het beslis dat elke prim sy/haar koshuis sal verteenwoordig met betrekking tot die georganiseerde studentelewe, terwyl koshuisverteenwoordigers politieke sake behartig.

Studenteparlement het probleme ondervind met sy grondwet, maar dit is op 'n vergadering met die SSR uitgestryk.

# Busdiens na Windhoek

Van al die ondersoeke wat geloods is vir die belangstelling in busdienste na Bloemfontein, Pietersburg, Windhoek en Durban, was daar slegs vir die diens na Windhoek genoeg belangstelling.

Die ander busdienste is nou afgestel. Die min belangstelling vir die ander busdienste word toegeskryf aan die feit dat studente reeds vakansievervoer gereël het. Studente moet daarvan kennis neem dat die busdienste weer in die Junievakansie gereël sal word, en dat hulle nie ander reëlings moet tref nie.

Op die oomblik kos die toer na Windhoek R73 retoer, omdat die bus nog nie heeltemal vol is nie. Hoe meer studente saamgaan, hoe goedkoper sal die toer wees. Al word die prys nie verder verlaag nie, is dit steeds omtrent die helfte van die prys van trein- of vliegkoste na Windhoek.

Die bus na Windhoek vertrek 9 April om 22h30, en arriveer die tiende om 22h30 by die stadsaal in Windhoek. Vertrektyd uit Windhoek is 21 April om 06h00, en kom om 06h00 die volgende dag in Potchefstroom aan.

Daar is nog ongeveer twintig plekke beskikbaar en alle belangstellendes moet Wim Vergeer in Uitspan kontak.



● "Ek het werklik hard probeer om my by die reëls te hou. Erens het daar egter iets fout gegaan met my skoene, my langbroek en my 'bloes' "

Foto: Frik Schoeman



● Die spreekwoordelike "vadoeke" is sommer orals te sien – veral teen die einde van 'n akademies-gekleurde dag.

Foto: Maurits van Wyk



● Is hierdie gemaklike skoene vir mans toelaatbaar op die kampus?

Foto: Maurits van Wyk




● Gaan Caput se kat enigsins slimmer wees ná hierdie Chemieklas?

Foto: Frik Schoeman



● Alice in Wonderland? Nee, net 'n bietjie variasie op die tema. Dit lyk tog goed en maak die lewe interessant. Wat meer is, ek voel goed hierin!

Foto: Frik Schoeman



● Wat sê die owerhede – is my broek nousluitend of sit hy net reg?

Foto: Frik Schoeman



● Die meeste dames op die Puk kan kers vashou met 'n Paryse modehuis. Kyk net hoe sjiek ...

Foto: Frik Schoeman




● 'n Verbleikte, omgevoude denim saam met 'n paar bypassende afgeleefde tekkies waarvan die een se skoenveter elegant op die grond sleep – voorwaar 'n aanskoulike gesig op die kampus!

Foto: Frik Schoeman




● 'n Onwelvoeglike lae hals? Waar trek 'n mens die streep ...

Foto: Frik Schoeman



● Hoe oortuig 'n mens die wêreld dat die agtienkaraat goue ketting in jou oor aan jou oorlede ouma behoort het en net nie veilig in 'n kluis sal wees nie?

Foto: Frik Schoeman



● Dis veronderstel om taboe te wees, ja. Maar dis ook die mees gewilde skoene hier rond . . .

Foto: Lynn Pretorius

# Kampuskleredrag

## Pukke hang uit . . . en steek uit

— Zelda Nel —

**SKIELIK het jou dosent se houding teenoor jou verander. Jou plakkies en uitheemse haardos staan hom nie meer aan nie. Wat hý nie kan verstaan nie, is dat jy 'n individualis is "op soek na jouself". En dan sal hy jou waarskynlik konfronteer met iets pittigs soos: "As jy jou hare laat sny, mag jy jouself dalk vind".**

Stapsgewys begin jy 'n metamorfose ondergaan. Die Geskiedenisdosent kla oor die bleikgraad van jou lieflingsjanna. Jy rou 'n dag of wat en bêre hom bo in jou kas. Alles verloop piekfyn totdat jou Wetenskapsleerdosent jou plakkies opmerk en sy misnoeë uitspreek. So gaan dit - stelselmatig gaan jou lankvertroetelde selfbeeld ten gronde en jy lyk vir jouself na die stereotipe klasdrawwer. Waarom dan nie maar 'n uniform soos op skool nie? Jy steun en kla en verhonger dra jy naweke jou jannas, plakke en rugbytruie tot slytens toe.

Dit is ook nie net die voorkoms wat vir jou as individu belangrik is nie, kla jy. Jy is 'n voorstaander van gemak. Jou werkswyer verhoog aansienlik as jy gelukkig voel in jou klere.

Dit is klagtes wat deesdae duidelik oral op die kampus opklink wanneer Pukke oor kleredragreëls gesels.

Die feit is dat die Puk-personeel 'n vergadering gehou het waartydens die voorkomsregulasies bespreek is. 'n Paar veranderings is aangebring ten opsigte van verlede jaar se regulasies.

### Regulasies

Volgens die regulasies is die doel met kleredrag die volgende: 'n Behoorlike bedekking van die liggaam wat deur beskeidenheid gekenmerk moet word. Vra jouself dus af of jou liggaam behoorlik bedek is en of jy nie die perke van beskeidenheid oorskry voordat jy die kampus soggens betree nie.

Die relatiewe begrip "beskeidenheid" beteken hier nie dat jy in swart snyerspakke moet rondloop en na jou tone staar nie. 'n Paar algemene bepalings is in die regulasies aangestip: Klere moet skoon en netjies wees, langbroeke moet 'n soom hê, nie nousluitend pas nie en nie erg gebleik of verslete wees nie. Sweetpakke en sportskoene mag net op Maandae en Woensdae gedra word met die oog op sport. Sekere vakke vereis sweetpakke en studente kry spesiale vergunning om dit te dra.

Daar is spesifieke kleredragreëls vir mans en dames afsonderlik. Hier is die reël veral dat dames T-hempies mag dra en mans nie, wat die manlike Pukke dwars in die krop steek.


Die wit brigade wat daagliks na die Natuurwetenskapgeboue eksodus, is nog 'n kwelpunt. Die kleredrag onder daardie wit jasse is soms van twyfelagtige herkoms, alhoewel die regulasies dit as volg wil hê. (In die geval van mans): "'n Kortbroek met lang kouse, skoene en 'n netjiese wit jas".

Baie mense gaan egter met jou saamstem as jy wil aanvoer dat die Puk maklik die besgeklede kampus in die rondte is. Kyk maar na die foto's en besluit self of daar redes vir klagtes is . . .



● Wie het gesê kruisbande is "uit"?

Foto: Frik Schoeman



● Ons praat en praat oor netheid, smaak, sjiekheid . . . Dink almal daaraan hoe gevaarlik sulke stelte kan wees?

Foto: Maurits van Wyk



● Ag, maar my toebroodjies is swaar vandag!

Foto: Maurits van Wyk



● Raai wat swot ek?

Foto: Maurits van Wyk




**Bussie 13**
**Studenteraad**

**DIE lengte van briewe word beperk tot 'n maksimum van 400 woorde.**

# Klagtes oor Heide is ongegrond

**Meneer**

Ou koeie uit die sloot grawe — dit was nou die griewe in die berig "Studente kla oor koshuise" in Die Wapad van 27 Maart 1981. Meer as een dame het skeef opgekyk oor die woorde "dat warm water skaars is by Heide" en dat daar na 17h00 geen warm badwater is nie. Die dame het of 'n grief van vorige jare opgedis toe daar 'n defek in die verwarmingstelsel was (wat intussen reggestel is) of die dame het nog nooit probeer om in warm water te bad na 17h00 nie. Ons Heide-dames was nog nie een keer hierdie jaar bewus van 'n tekort van warm badwater nie!

Wat die dame presies met "gaan die ligte op baie ongeleë tye uit" bedoel, weet nugter alleen. Die res van die dames van Heide is nie bewus van die ongeleë tye nie.

Laaste maar nie die minste nie — ek weet van bitter min dames wat eers van 20h00 af met erns studeer. Wat van die mense wat deur die dag studeer? Ook die eerstejaars sal kan getuig van baie streng studietye wat reeds om 19h30 begin.

Ons, as Heide-dames kan getuig dat geeneen van hierdie klagtes veel gewig dra nie! Ons is trots daarop om in so 'n mooi en skoon koshuis te woon waar alle probleme altyd seepglad uitgestryk word. Dankie aan die mense wat hierdie dinge vir ons moontlik maak — ons puik Hk, ons vriendelike en gewillige huisma en ons koshuispa wat met alles raad weet.

**Christa Duvenhage**

# Te veel yster in kos


**Meneer**

Na aanleiding van 'n berig in Die Wapad van 27 Maart, wat beweer dat Skuur-bewoners tevrede is oor die gehalte kos wat voorgesit word, wil ek graag as volg reageer.

Volgens my (en baie ander), is die kos vanjaar uiters swak in ons eetsaal. Hier volg 'n lysie van my vernaamste klagtes: Dit kom my voor dat die samestellers van die spyskaart van mening is dat ons aan 'n ernstige ystertekort ly. Ingeslote vind u 'n stukkie ysterdraad, wat ek Donderdag 26 Maart in my frikkadel gekry het.

Die koue aartappels het dikwels 'n sieklike grys kleur, en liters mayonaisse word gebruik om kleur en geur te verdoesel. As mens die mielies wat ons laas hier gekry het, as maatstaf moet gebruik, het die Wes-Transvaalse mielie-oes beslis vanjaar misluk.

Spaghetti en Weense worsies word soms voorgesit, sonder 'n druppel vleissous.



● *Die briefskrywer, Siek-en-sat, het hierdie draadjie wat hy in sy kos gekry het saamgestuur met sy brief. Ons het dit saam met die skuifspeld afgeneem sodat u die grootte daarvan kan skat* – Red.

Die druiwe is seker uit die Mooiriver gehaal, nadat dit vanaf Laingsburg aangespoel gekom het. Mens raak soms vrolik, na so 'n bakkie druiwe. Om terug te keer na die frikkadelle: dit is seker goed en wel dat maalvleis en broodkrummels gemeng word, maar om hele stukke brood in jou frikkadel te kry, ontneem beslis jou eetlus.

Verder is daar nooit genoeg drinkwater by die eetsaal beskikbaar nie. Dit kom my voor asof al die water gebruik word om die melk en koeldrank mee te verdun.

Met hierdie klag wil ek graag afsluit, alhoewel ek nog lank so sou kon voortgaan. Graag vra ek aan my mede-eetsaal gebruikers om ook van hulle klagtes te laat hoor, aangesien ons klagtes deur amptelike kanale blykbaar altyd op dowe ore val.

**Siek-en-sat.**

# *NP is nie rassisties, Paksas wel*

**Meneer**

Graag reageer ek op die brief van mnr A du Toit in Die Wapad van Vrydag 20 Maart.

Mnr Du Toit, u probeer sê dat Politiese Raad se aktiwiteite nie beplan word om alle studente te betrek nie. Politiese Raad se aktiwiteite word op die kampus openlik geadverteer en elke student op die Puk is welkom om ons aktiwiteite by te woon. Alleen Kontakpolitiek hou geslote aksies waar studente op versoek uitgenooi word. U kan gerus ons aktiwiteite bywoon.

In die tweede plek probeer u in u brief bewys dat die Nasionale Party ook rassisties is. Die teendeel is waar. Paksas wil hom beywer vir die voortbestaan, uitbouing en beveiliging van die **blanke volk** met volle erkenning en geleendheidskepping vir die swart- en ander **kleurvolke** van SA tot volwaardige en soewereine entiteite in hulle eie reg.

Mnr Du Toit, goeie voorbeelde van volke is byvoorbeeld die Afrikanervolk, die Duitse volk, die Zuluvolk. 'n Beter en eerliker woord vir **blanke volk** in hierdie konteks is **blanke ras.**

Die Nasionale Party beywer hom vir die voortbestaan, uitbouing en beveiliging van die **blanke**, sowel as die **bruinmense**, **asiërs** en die **swartmense**. Die NP plaas nie 'n punt agter die blanke nie. Dit is in almal se belang.

Daarom sien ek Paksas as 'n organisasie vir blanke rassiste.

Mnr Du Toit, u moet weer kyk na die program van beginsels van die Nasionale Party asook na die Twaalfpuntplan wat die beleid is om hierdie beginsels ten uitvoer te bring en dan sal u ook sien dat die NP nie die bruinmense en Asiërs sien in "Tuislandverband" nie.

Om te sê dat ek die NP se beginsels as rassisties sien, is onverantwoordelik en verwerplik. Dit is net so onwaar as om te sê dat u logies kan redeneer.

**Werner Eksteen**

(Tomstraat 45, Potchefstroom).

# Vrygesel werf vrouehaters

**Meneer,**

Ek voel dat ek ook my beskeie bydrae moet lewer in die algemene stigtingsgier wat deesdae onder die studente heers. Alhoewel my organisasie nie direk polities van aard is nie, moet ek sê dat dit van groot belang is vir die manlike studente.

Veral met die strewe na maatskaplike, ekonomiese en sosiale gelyke regte (ook in al die modaliteite van Dooyeweerd) van die vrou, wil ek lede werf vir my Feministiese Odium Klub. In kort is dit die "Vrouehatersklub".

Die doelstellings van my klub is om getrou te wees aan 'n manlike vrygeselideaal. Nooit mag daar aan 'n meisie se hand gevat word nie (tensy niemand jou kan sien nie), en indien dit wel gebeur, moet die "sonde" bely word en die "sondaar" sal rehabilitasie ontvang na die eerste oortreding. Die rehabilitasie sal op geheime plekke gehou word, (oom Pottie se sitkamer), Elgro, en eensame plekke tydens sleeptye.

Die lede moet ook besef dat belangstelling in die vroulike geslag se welstand geen verskoning is om met hulle te praat nie, want met hulle gaan dit nooit goed nie.

Besprekings sal gaan oor die weer, die akademie en nuus. Die klub is egter eksklusief vir mans.

**Vrygesel**

# Noem kroeg Thaba Jäh

**Meneer**

Graag wil ons op die berig in Die Wapad (20 Maart) reageer. Die gedagte dat lokale in die SS benoem word na ou koshuise, blyk 'n uitstekende gedagte te wees. Die optrede sal die tradisies laat voortleef.

Thaba-Jäh het 'n trotse tradisie wat sedert 1937 bestaan. Ons voel dat die naam te enige tyd aan 'n lokaal in die SS gekoppel kan word om ons tradisies vir ewig te laat bly voortleef.

Ons stel voor dat die naam van die dameskroeg gekoppel word. Die redes is: Thaba-Jäh beteken die berg van die skones, dit was voorheen 'n dameskoshuis gewees, en die vernoeming sal die Thaba-Jähers beskou as 'n verewiging van die koshuis.

**Tradisievaste Thaba-Jähers**

# Polstu beoog studiegroepe

**Meneer**

Hiermee wil ek graag in antwoord op mnr Willem van der Meer se brief in Die Wapad van 27/03/81 net die volgende uitlig: Polstu-Puk beoog die instelling van die sogenaamde studiegroepe wat hy bepleit. Hiermee beoog ons om die lede self te laat deelneem aan die politieke gespreksvoering in SA.

Die studiegroepe sal gelei word deur die studente self en daar sal deur hulleself studie oor die onderwerpe van hulle keuse gedoen word. Hiermee word beoog om die studente te motiveer om hulle politieke kennis uit te brei deur middel van selfstudie. Noodgedwonge sal daar 'n persoon moet wees wat die studiegroep sal lei en die paar administratiewe probleme wat mag opduik moet behartig. Die lede van die groep sal ook dan elkeen 'n beurt kry om die onderwerp van hulle keuse toe te lig en die betrokke bespreking daaroor te lei.

Die gevolgtrekking wat hier volg, sal dan ook nie as oplossing van die probleem voorgehou word nie. Die groepe sal bestaan uit ongeveer tien lede of belangstellendes. Hiermee wil Polstu-Puk dan ook 'n ope uitnodiging aan almal wat mag belangstel in sulke groepe rig om te kom deelneem om meer te kan uitvind oor die politieke probleme in SA. Hier kan u op 'n krities-wetenskaplike wyse deelneem aan die politieke debat in SA.

**A J Weenink**

# *Gekleurdes het selfde regte as wit studente*

**— Schalk Le Roux —**

**GEKLEURDE studente van die Universiteit mag aksies van die Politiese Raad bywoon, en indien hulle belangstelling toon, sal hul selfs genooi word na geslote aksies wat deur die Raad aangebied word.**

Dié besluit is tydens 'n vergadering van die Politiese Raad, op 11 Maart 1981, geneem.

Volgens prof Rassie Smit, registrateur van die universiteit het die Universiteitsraad besluit dat gekleurde studente slegs op nagraadse vlak aan die PU mag studeer. Gekleurde studente wat toegelaat is, het alle regte wat enige ander ingeskrewe student het, op voorwaarde dat dit nie in stryd is met enige landswette nie.

Die universiteitsowerhede het in beginsel geen beswaar dat gekleurde studente wel aan aksies deelneem en aan verenigings behoort nie. Hul sal egter nie aan verenigings en komitees voorskryf hoe om in die verband op te tree nie, het prof Smit gesê.

Pieter Fourie, nasionale voorsitter van Polstu, het gesê die Politiese Raad het 'n belangrike beginselbesluit geneem. Polarisasie het egter reeds so ver in Suid-Afrika gevorder dat anderskleurige studente nie, sonder dat ons baie moeite doen om hulle hier te kry, na aksies sal kom nie.

Pieter sê dit, omdat baie sulke besluite reeds in die verlede geneem is en niks daarvan gekom het nie. Hy sal graag wil sien dat die plaaslike swart en bruin mense, en nie net gekleurde studente, na Politiese Raad aksies uitgenooi sal word omdat sulke mense 'n belangrike bydrae tot so 'n byeenkoms kan lewer.

Volgens Danie du Plessis, lid vir Skakel en Reklame van Paksas, is die feit dat die anderskleurige studente die aksies van Politiese Raad kan bywoon, 'n noodwendige uitvloeisel van die universiteit se beleid. "Ons voel dat alle studente by die uitnodiging na aksies konsekwent behandel moet word, sonder om aan individue of groepe studente voorkeur te gee. 'n Algemene kennisgewing aan alle studente behoort voldoende te wees", het hy gesê.

Deon van Huizen, voorsitter van die Kontakpolitiek, het gesê toe hy in verband met die saak genader is, dat uit die aard van Kontakpolitiek se doel om studente se perspektief te verbreed, dit noodsaaklik is dat anderskleurige studente ook betrek word by Kontakpolitiek se aksies. "Dit sal 'n goeie doel dien as hul selfs op die bestuur sal dien", het hy gesê.

Die Studenteraad het nog nie 'n amptelike beleid wat die aangeleentheid betref nie.

# News and articles requested

**Sir**

As Co-ordinator of International Affairs at the State University of New York at Buffalo, I will be publishing a magazine entitled UB INTERNATIONAL. I am hoping to receive articles, news and stories from all University students across the world.

The materials should be sent to:

**Seyed Mirmiran, Co-ordinator**

**International Affairs**
**Ungraduate Student Association**
**State University of New York at Buffalo**
**111 Talbert Hall**
**Amherst, New York 14260.**

# Muurbalplakkertjies is nog goedkoop

— Nicolene Hanekom —

**DAAR bestaan 'n algemene klag onder die muurbalspelers, veral die wat gereeld van die geriewe gebruik maak, aangaande die nuwe plakkertjiestelsel. Die stelsel bepaal dat elke speler 10 sent vir 'n speeltydperk van 45 minute moet betaal.**

Na aanleiding van 'n gesprek met die binnehuise sportorganiseerder, mnr Pieter Louw, is dit 'n minimale bedrag. By ander universiteite is die stelsel al geruimetyd in gebruik en betaal studente bydrae van meer as dubbeld ons fooi en dit vir korter speelperiodes.

Hy het my ook die versekering gegee dat die gelde verhoog sal moet word in die lig van ons huidige ekonomiese toestande, as aan al die vereistes van die spelers voldoen moet word.

Statistieke in vergelyking met private klubs, byvoorbeeld die buiteklub in Potchefstroom, is die volgende: alle lede betaal 'n intreefooi van R60 en 'n klubfooi van R25 per jaar. Hierdie fooie geld vir ligaspelers sowel as sosiale spelers.

As hulle die baan voor vyfuur wil bespreek, beloop dit 'n verdere 50 sent en ook 50 sent om die ligte aan te skakel wat in 'n slotmasjien gegooi word vir 'n periode van 45 minute. Na vyfuur beloop die besprekingsfooi R1 en ook die 50 sent vir die ligte vir 'n periode van 45 minute.

Wanneer die klub sy ligabepalings nakom teen byvoorbeeld klubs van Klerksdorp, maak die lede van eie vervoer gebruik. Daar is geen finansiële steun vir die spelers as sulks nie. Hierbenewens kry hulle ook geen afrigting nie.

Kom ons neem ons eie situasie in oënskou. Die Puk maak gebruik van 'n professionele speelster soos mev Helene Schlebusch. Vier dae se afrigting wat ses uur per dag beloop het, het die Puk R400 uit die sak gejaag. Daarbenewens maak ons gebruik van die dienste van mnr Jim van Zyl wat R9 per uur beloop. Daar word ook in die nabye toekoms beoog om Charl Meyer te werf vir afrigting.

Hieruit kan dus gesien word dat die heffing van die gelde deur die plakkertjiestelsel baie doeltreffend aangewend word.. Die instandhouding van die bane sowel as die reiskostes, balle vir die ligaspelers en koshuisspelers is maar enkele van die vele uitgawes.

Behoort hierdie gelde nie vermeerder te word om sodoende die dienste van meer afrigters te kry nie?

# Skole-afrigting in vakansie

**CLAASSEN Broers reël in samewerking met die Puk 'n skolerugbyweek wat van 10-15 April sal duur.**

Die doel van die kursus is om aan die onderskeie skoleafrigters en die leerlinge die geleentheid te gee om met gespesialiseerde afrigtingsmetodes kennis te maak deur middel van demonstrasies, lesings en films en praktiese toepassing. Dit sluit in die onderrig in die onderskeie speltegnieke, die aanleer van vaardighede, spelreëls, oefen- en fiksheidsprogramme.



● *Die nuwe rugbyfonds, J P Geldenhuys word 'n staatmaker in Wes-Transvaal-rugby.*

Mnr Nelie Smith, oud-Springbokskrumskakel en tans Rugbyorganiseerder van die S.A. Rugbyraad, sal as kursusleier optree. Bekende Springbokrugbyspelers, provinsiale spelers, die Puk se eerstespan afrigter — mnr Dirk de Vos — en skeidsregters sal Mnr Smith bystaan in die aanbieding van die kursus.

Tien Transvaalse skole het die uitnodiging aanvaar. Kursusgangers sal in Overs gehuisves word. Daar word ook vir die seuns ontspanning gereël wat onder andere 'n braaivleisgeselligheid by die Fanie du Toit insluit.

Tydens die tydperk — 10-15 April — sal daar ook 'n hokkiekursus vir skoolmeisies aangebied word. Twaalf skole word by die kursus betrek. Die kursusleier sal Rina van Zyl, huidige springbokafrigster, wees. Katie Niewenhuys sal hulpleidster wees en verskeie ander Springbokke sal ook hand bysit — Thelma Martin, Moiné Booysen, Ria Smith en Bokkie van der Walt. Pukspelers sal betrokke wees by elke span.

Daar word ook 'n binnensmuursehokkie-aand gereël.



● *Jeanne Engels het die Wag-'n-Bietjie afdeling van die Supersportvrou van die jaar gewen. Sy was tweede in die algehele afdeling.*

# Dinki-dame is supersportvrou

**WAG-'n-Bietjie het weereens 'n suksesvolle Supersportvroukompetisie tydens hul verjaarsdag aangebied.**

Die gebeurtenis wat oor twee dae gestrek het, is Saterdagaand met 'n gesellige braaivleis in die Studentesentrum afgesluit. Die kompetisie was in twee afdelings, waarvan Vrydag die binnensmuurse sport was en Saterdag die buitemuurse sport.

Die algehele wenner was Maretha Delport (Wagter) van Dinki met 73 punte. In die tweede plek was 'n Wag-'n-Bietjie-dame, Jeanne Engels, met 86 punte en derde was Eulien van Heerden van Oosterhof.

Die Wag-'n-Bietjie afdeling is deur 'n eerstejaartjie, Jeanne Engels gewen. Tweede was Reinette du Plessis met Sandra Slabbert in die derde pek. Reinette en Sandra het albei 100 punte gehad. Reinette is in die tweede plek geplaas omdat sy twee eerste plekke behaal het en Sandra een eerste plek.

Die eerste prys was groot sportsakke en die tweede prys was muurbalrakette. Al die individuele wenners van elke item het 'n klein geskenkie ontvang.

Daar was egter 'n teleurstellende opkoms van die kant van die toeskouer. Die rede hiervoor kan toe geskryf word aan swak reklame. Die deelnemers het egter almal opgedaag en goeie prestasies is gelewer.




● *Die pistoolklub beleef 'n ongekende bloei en het reeds 'n ledetal van ongeveer dertig dames en vyftig mans. Onlangs is 'n nuwe skietbaan opgestel vir meer gevorderde skiettegniek.*

# Tennisskok by kampioenskap

**BENNIE Smith en Leatitia Fourie is die nuwe tennis-enkelspelkampioene.**

Saterdag 28 Maart, het Bennie Smith en Laetitia Fourie vir groot verrassings gesorg deur die enkelspeltitels te wen teen verlede jaar se wenners. Bennie Smith behaal 'n oorwinning teen Vic Joyce met 'n telling van 4-6; 6-3; 12-10. Dit was 'n wedstryd wat twee-en-'n-halfuur geduur het en harde tennis opgelewer het. Na 'n lang stryd klop Laetitia Fourie vir Elbé Kruger met 'n telling van 6-2; 4-6; 8-6. Laetitia is 'n eerstejaarstudent en daar kan nog baie van haar verwag word.

In die mansdubbelspel wen Bennie Smith en Johan Laubser die eindstryd teen Vic Joyce en Johan Brink. Die telling was 6-1; 6-3. Die damesdubbelspel en gemengde dubbelspel kon nie plaasvind nie, want Suretha Scott kon nie teenwoordig wees nie. Suretha neem op die oomblik aan die S.A. B-Ope deel.

In die gemengdedubbelspel kom Bennie Smith en Elbé Kruger te staan teen Johan Laubser en Suretha Scott. Daar is nog nie 'n vasgestelde datum vir wanneer die gemengdedubbelspel en die damesdubbelspel sal plaasvind nie.

Die opkoms van die toeskouers was egter baie swak. Daar word weereens 'n beroep op die studente gedoen om die tennis te ondersteun.

Die pryse is die aand tydens 'n braaivleis oorhandig.

# Spelers speel goeie skaak

**DIE vierde rondte van Die Wapad se skaakkampioenskappe word hierdie week afgehandel.**

Die huidige puntestand is soos volg: Spelers wat reeds die vierde rondte afgehandel het: Sarel van der Westhuizen het vier punte, Koos Blomerus en Deon van der Westhuizen het elk drie en Jannie Immelman het twee.

Spelers wat die derde rondte afgehandel het: Willem van der Meer 3; Jannie van der Schyff 2-1/2; Jan van Wyk 2; Charl van der Westhuizen 2; Cobus van der Walt 2; Hartman van Wyk 2; Klaas Jonkheid 2; Hartmuth Müller 1-1/2; Frans Prinsloo 1-1/2; Phillip van Rensburg 1-1/2; Herman Heroldt 1-1/2; Petrus Cilliers 1; Braam Venter 1; Reindert Osterdorf 1; Nico Killian 1; Louwtjie Middel 1; Piet Welmans 0; Pieter Kruger 0.

Die vyfde rondte wat ook die laaste ronde in die eerste fase sal wees, word op Woensdagaand, 8 April om 18h30 in kamer 10 van die Frans du Toit-gebou, gespeel.

Die kampioenskappe het alreeds baie goeie skaak opgelewer en die spelers moet a'mal uithaal om goeie punte te kry. Daar is ongeveer twintig deelnemers aan die kampioenskap wat 'n relatiewe groot getal is. Dit is net jammer dat daar nie dames se name onder die skaakspelers is nie.




# Vandalisme laat snoeker sneuwel

**VANDALISME van die studente is die oorsaak dat die snoekerkamer vir 'n onbepaalde tyd gesluit is.**

Die besluit is deur die Sportburo geneem nadat daar geen stokke en kryt was toe die Wes-Transvaalse rugbyspan na afloop van hulle wedstryd daar wou snoeker speel nie. Die gevolg is dat snoeker nie meer 'n sosiale sport gaan wees nie, maar dat daar voortaan sportregistrasie betaal moet word. Verder sal daar ook 'n deposito betaal moet word om stokke en balle te kry om te speel en sal hulle die geld terug ontvang sodra spelers die stokke en balle weer inhandig.

Die snoekerkamer sal weer open sodra daar iemand gekry is om toesig en kontrole te hou.



● *Sharléne Geyser is aangewys as beste dame in die dubbel miniwipmatkompetisie.*

# Jong atlete kry baie medaljes

**VERLEDE Saterdag tydens die Olimpic Sport se Suid-Afrikaanse onder 21-Atletiekbyeenkoms in Durban, het die Pukke twee goue-, sewe silwer- en vier bronsmedaljes verower.**

Susan Lion-Cachet wat die gunsteling in die spiesgooi was, het tweede geëindig met 'n afstand van 48,74 m. Haar afstand was egter beter as die Natalse rekord.

In die verspring het Cilliers Botha eerste gekom met 'n afstand van 7,42m asook tweede in die driesprong met 'n afstand van 14,57m. Johan de Jager behaal ook 'n eerste plek in die 20km stap wat hy in 'n tyd van 1:46:17,3 aflê.

Ludwig Myburg kom tweede in die 400m in 'n tyd van 47,56s. Hy het ook in die aflos gehardloop. In die 800m kom Stefan Greyling tweede met 'n tyd van 1:81,17s. Jurie van der Walt was tweede in die 110m hekkies in 'n tyd van 14,909 s. Vierde in die afdeling was André Nel met 'n tyd van 15,38 s.

In die gewigstoot was Willem Coetzee derde met 'n afstand van 13,78m.

Wes-Transvaal was tweede in die 4 x 100m aflos. Die mans wat gehardloop het was Jurie van der Walt, Innes van Rooyen, Gerald Grey en Ludwig Myburg.

In die verspring was Barbara Kuhn derde met 'n afstand van 5,77m. Marlize Liebenberg was derde in die skyfwerp met 'n afstand van 39,50m.

Die wind wat die hele dag tussen 3,1 en 5,6m gewaai het, het die atlete gestrem, terwyl dit vir party veldatlete tot voordeel was.



● *Hier oorhandig mnr. Gerald van der Merwe van Bert's Bricks 'n tjek aan Joss Swardt, ondervoorsitter van die sokkerklub, terwyl Ernst Kubirske (voorsitter) toekyk. Dit is die tweede jaar wat Bert's Bricks Puk-sokker borg. Die sokkerklub het 'n nuwe sokkerveld wat hulle gebruik en vorder goed in die Wes-Transvaalse liga. Puk se eerste span het gelykop een elk teen BCC gespeel en die tweede span wen 4 - 1.*

# Wes-Transvaal rugby verras

**WES-TRANSVAAL het Saterdag 28 Maart vir 'n verrassing gesorg deur die goeie SA Weermagspan te wen. Twaalf Pukke het vir die Wes-Transvaalse span gespeel. Die telling was 30 — 28.**

In die eerste helfte het die Mielieboere swak verdedig en is drie drieë teen hulle aangeteken in 'n kort tydjie. J.P. Geldenhuys het geskitter en het saam met Piet Conchar en Gert Smal reuse werk gedoen in die losskrums. Piet Conchar wat vanjaar uitblink het met twee drieë in die eerste helfte geslaag. Die rustydtelling was 19 — 10 in die guns van die Weermagspan.

'n Meer vasberade Wes-Transvaal het die tweede helfte begin. Hoewel Weermag die vaste skrums oorheers het, het Wes-Transvaal al die ander afdelings van die spel oorheers. André Markgraaff het in die lynstane uitgeblink en die Springbok, De Villiers Visser, in die skadu gestel.

Die Pukke in die Wes-Transvaalspan het almal baie goed gespeel. Met die vyf Springbokke wat die Weermagspan gespeel het en al die ander spelers wat provinsiale kleure het, kan die prestasies van die Wes-Transvaalspan nie gering geskat word nie.

J.P. Geldenhuys, Nic Nortje, Zillen Roos en Koos van Vuuren het in die tweede helfte elkeen 'n drie gedruk. Louwtjie van der Walt het met twee doelskoppe geslaag en Cobus van Wyk met een. Herman Kleynhans, Wes-Transvaal se gereelde stelskopper het onttrek.

# Kortsport

## ● Rugby

Die wedstryd teen Cordoba is in gietende reën gespeel en het goeie spel in die wiele gery. Die Pukke het die wedstryd 30 — 0 gewen, maar die telling kon maklik dubbel soveel gewees het in droeër omstandighede. Die rustydtelling was 16 — 0.

Punte is deur Louwtjie van der Walt ('n drie en drie doelskoppe), Cassie Basson, Cobus van Wyk, Nic Nortje, André Markgraaff en Gert Samal aangeteken.

Die Ibbies het hulle wedstryd teen die Vaalrivier Pukke 20 — 12 gewen. Die rustydtelling was 13 — 12 in die Ibbies se guns.

## ● Praktiese Pistoolskiet

Die skietklub hou Woensdag 8 April om 16h30 hulle ledevergadering in die klein sitkamer van die studentesentrum. Lede word versoek om stiptelik te wees en om mnr. Dirk de Vos by die Sportburo te kontak indien hulle nie die vergadering kan bywoon nie.

Nuwe lede wat by die klub wil aansluit is welkom om die vergadering by te woon.

## ● Hokkie

Pierre van Heerden en Rupert Raubach is gekies om in die Wes-Transvaal se ondertwintig hokkiespan te speel. Rassie Erasmus, Piet Smit en Eugene Engelbrecht is gekies om Wes-Transvaal te verteenwoordig.

## ● Stoei

In die tweede ronde van die stoeiliga vir koshuise het Villagers en Dawie Dup albei deurgedring tot die volgende ronde. Villagers het Klooster een van die sterk spanne in die liga uitgeskakel deur met vyf gevegte teen vier te seëvier. Dawie Dup het met ses gevegte teen twee met Caput afgereken.

Die volgende ronde is Donderdagaand 2 April om 21h00 in die Gimnastieksaal. Die koshuise wat teen mekaar te staan kom is Villagers en Dawie Dup. Hombré het reeds tot die volgende ronde deurgedring. Die wenner van Villagers en Dawie Dup sal teen Hombré te staan kom. Dit sal die wenner van die koshuisliga bepaal.

## ● Veldhokkie

Met spannende en opwindende wedstryde het die dameshokkiespanne op Saterdag 28 Maart die Puk se naam hoog gehou deur al drie hul wedstryde te wen. Die eerste span wen Goldfields 7 — 1, die tweede span wen Strathvaal I met 3 — 2, en die derde span wen Pote III in die tweede liga 2 — 0.

## ● Netbal

'n Dubbeluitkloptoernooi is op 28 Maart vir alle A- en B-ligas waartydens skeidsregters gegradeer is gehou.

**Die uitslae was:**

In die A-liga was die wenners van die wenspanne Vergeet-my-nie-I en die wenners van die verloorspanne Kasteel-I.

In die B-liga was die wenners van die wenspanne Vergeet-my-nie-2 en die wenners van die verloorspanne Karlien-2.

Ander uitslae is:

**A-liga:** Pote-sewetal wen Karlien 15 — 2; Wag-'n-Bietjie wen Klawerhof 15 — 3; Vergeet-my-nie wen Oosterhof-1 9 — 3; Dinki-1 wen Wanda 17 — 6; Heide-1 wen Kasteel-1 9 — 3; Wag-'n-Bietjie-1 speel gelykop teen Pote sewetal 3 — 3; Vergeet-my-nie-1 wen Heide-1 6 — 4; Vergeet-my-nie wen Dinki-1 8 — 5; Vergeet-my-nie-1 wen Wag-'n-Bietjie-1 10 — 8; Klawerhof-1 wen Oosterhof-1 6 — 3; Kasteel-1 wen Wanda 18 — 6; Karlien wen Klawerhof-1 5 — 3 en Kasteel-1 wen Karlien-1 5 — 2.

**B-liga:** Dinki-2 wen Wanda-2 11 — 2; Heide-2 wen Karlien-2 6 — 4; Kasteel-2 wen Vergeet-my-nie-2 8 — 4; Heide-2 wen Dinki-2 6 — 4; Vergeet-my-nie-2 wen Heide-2 10 — 3; Vergeet-my-nie wen Klawerhof-2 16 — 1; Karlien-2 wen Wanda-2 10 — 1; Karlien-2 wen Kasteel-2 7 — 1; Vergeet-my-nie-2 wen Karlien-2 7 — 3.

## ● Wes-Transvaal-liga-uitslae:

Puk O/20 - A wen Klerksdorp-1 40 — 18, Puk-1 wen Puk-2 37 — 14, Puk-O/20-B wen Fochville-1 26-3.

## ● Vlugbal

Op 23 April word 'n vlugbalkursus vir alle belangstellendes deur Mnr. Koning en Mev. Sember, albei van Bloemfontein aangebied. Die doel is om meer mense van die sport bewus te maak en ook meer studente daarby te betrek. Daar word gepoog om die sportsoort ook in die koshuisligas in te sluit. Die kursus sal plaasvind in die grootsaal van die Studentesentrum en sal om 19h00 begin.